**Sondag 31 Desember**
**Skrifgedeelte: Openbaring 20:11-15**
**Fokusgedeelte: Openbaring 20:15 (AFR83/2020)**

## Jou naam staan geskryf in die boek van die lewe

Ons is gewoond daaraan ... hier op aarde het alles ’n einde, soos die einde van hierdie jaar vandag. Daar is egter ’n ander einde wat onvermydelik aan die kom is. Dit is die einde van die wêreld soos ons dit ken. Die aarde en die uitspansel sal tot ’n einde kom en verbrand word (2 Pet. 3:10). Dit is ook die dag waarop die Here onverwags op die wolke sal kom en die eindoordeel sal aanbreek.

Op daardie dag sal die Here op die wolke kom, die grafte sal oopgaan en die gelowiges se liggame sal opstaan uit die grafte en met hulle siele verenig word; die gelowiges wat dan nog lewe, sal in ’n oomblik verheerlikte liggame ontvang en hulle sal almal die Here tegemoetgaan terwyl Hy op die wolke neerdaal (1 Tess. 4:16, 17). Die ongelowiges sal ook uit die dood opstaan.

Die Here sal op sy troon gaan sit om te oordeel (Matt. 25:31). Alle mense wat ooit gelewe het, sal voor Hom staan. Die boeke sal oopgemaak word waarin alles wat elkeen gedoen het, geskryf staan. Hierdie boeke kan ons eie brein (gewete) wees (NGB 37). Almal van ons sal volgens hierdie boeke veroordeel moes word tot die ewige straf.

Daar is egter nog ’n boek, die boek van die lewe. Elkeen wat in Jesus Christus geglo het en Hom dus nagevolg het (Matt. 25:36-40), se naam is in hierdie boek geskryf. Indien jou naam in hierdie boek geskryf is (Op. 20:15), het Jesus reeds jou straf gedra en ontvang jy die lewe ewig by God (1 Tess. 4:17).

Maak seker jou naam is in die boek van die lewe, want die einde kom onvermydelik soos die einde van hierdie jaar.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1-6*

*Prof. G Breed (Gert) (emeritus)*